

# KWARTAAL 4

Week 31 en 32

## Die wonders van geografie

Aktiwiteit 106: Voorstelling en bedanking van 'n spreker

### Aktiwiteit 107: So het die Vredefortkoepel ontstaan ...

*Vrae en voorgestelde antwoorde*

1. Wat word bedoel as die illustrasies as *grafika* beskryf word?

**Die oorspronklike word deur tekeninge en grafiese voorstellings nageboots.**

2. Wat word in die hooffoto geïllustreer?

**Die asteroïde wat die aarde tref.**

3. Waaruit kan jy aflei dat dié rots die aarde teen 'n vinnige spoed getref het?

**Die streep (stert) wat die asteroïde maak, is 'n aanduiding van die snelheid waarmee die aarde getref is.**

4. Waarom word 'n maankrater gebruik om te illustreer hoe die Vredefortkoepel gevorm is?

**Die oorblyfsels van 'n sentrale opwelling kan duidelik gesien word. Die Vredefortkoepel is op dieselfde manier gevorm, maar die buiterand het weens verwerking verdwyn.**

5. Bestudeer die grafiese voorstelling van hoe die Vredefortkoepel moontlik gevorm is. Wat word deur die drie blokke uitgebeeld?

**Die verskillende fases word uitgebeeld: die eerste twee dui die botsing met die aarde aan, die derde dui die duidelike koepel aan.**

### Aktiwiteit 108: Die wonders van geografie

*Vrae en voorgestelde antwoorde*

1. Die leerders bestudeer die illustrasie noukeurig. Watter funksie vervul die illustrasie by hierdie teks? (2)

**Dit is 'n visuele uitbeelding van dit wat in die teks staan. Dit wys die Vredefortkoepel vanuit die lug. (2)**

2. Die leerders bestudeer die subtitel noukeurig.

2.1 Waarom kan die vergelyking as gepas beskou word? (1)

**Die slag van die asteroïede het die aarde laat bewe soos wat 'n klok wat lui, tril. (1)**

2.2 Waardeur word die trilling klankmatig versterk? (1)

**Die gebruik van die r-klanke versterk die trilling dat dit byna gehoor word. (1)**

2.3 Haal 'n woord uit die teks aan wat dieselfde beteken as *tril*. (1)

**Vibreer. (1)**

3. Bestudeer die eerste sin van paragraaf 1.

- 3.1 Die skrywer korrigeer homself in die eerste sin van paragraaf 1. Wat wil hy daardeur bewerkstellig? (1)
- Hy wil daardeur beklemtoon hoe groot die asteroïede was wat die aarde getref het. (1)**
- 3.2 Wat is 'n reuse-mammoet? (1)
- Dit is 'n groot prehistoriese behaarde olifantsoort. (1)**
4. Die volgende sin in paragraaf 1 het betrekking. "Daardie wasmasjien-agtige dingetjie wat die Amerikaners onlangs so skouspelagtig in die hart van 'n komeet ingeskiet het, was belaglik nietig as 'n mens dit vergelyk met die kolos wat Suid-Afrika in die aarde se prille jeug getref het."
- 4.1 Skryf die paradoksale teenstelling in die sin neer en verduidelik wat die skrywer daardeur wil bereik. (2)
- Die woorde *skouspelagtig* staan teenoor *belaglik nietig*. (1) Die skrywer wil die kontras benadruk en beklemtoon hoe groot dié reuserots was. (1)**
- 4.2 Lei die betekenis van die agtervoegsel "-agtige" af deur dit binne sinskonteks te interpreteer. (1)
- Beteken soos (soos 'n wasmasjien, soos 'n skouspel) (1)**
- 4.3 Gee die korrekte vorm van die woord *kolos* in die volgende sin: Dit was 'n (kolos) rots wat die aarde getref het. (1)
- Kolossale. (1)**
- 4.4 Wat beteken die uitdrukking *prille jeug* ? (1)
- Vroeë, bekoorlike jeug. (1)**
5. Wat word met 'n *kataklismiese botsing* (paragraaf 3) bedoel? (1)
- Dit is 'n plotselinge, verwoestende botsing wat 'n algehele omkeer of verandering bewerkstellig. (1)**
6. Waarom kan *opgerisp* (paragraaf 3) as 'n goeie woordkeuse beskou word? (2)
- Die woord *opgerisp* word gebruik om die gas uit die maag wat deur die keel opstoot, te beskryf. Hierdie ontsnapping van die gas ('n wind) kan nie gekeer word nie. Daarom is dit 'n gepaste beskrywing van hoe die gesteentes met die slag *opgerisp* is. (2)**
7. Waarom is die gebruik van die woord *letsel* (paragraaf 3) gepas? (1)
- 'n Letsel is 'n verwonding, waar iets jou seergemaak het. 'n Letsel bly bestaan as herinnering (bewys) van dié slag. (1)**
8. Hoekom is die geologiese formasies fassinerend? (1)
- Die rotslae lê in die teenoorgestelde volgorde as dié in die omringende gebiede. (1)**
9. Benoem en verduidelik die beeldspraak wat voorkom in die woorde *agteroor bollemakiesie* (paragraaf 4). (2)
- Dit is personifikasie, want 'n menslike eienskap *bollemakiesie* word aan 'n lewlose ding toegedig. (1) Hierdeur word die ongewone volgorde van die rotsformasies verduidelik. (1) (2)**
10. Waarom word "*prop*" in paragraaf 4 in aanhalingstekens geskryf? (2)

**Die woord *prop* word buite konteks gebruik. Dit is nie werklik 'n prop soos wat ons ken nie. Die formasie lyk net soos 'n prop vanuit die lug.** (2)

11. Wat is die funksie van die inlassin (parentese) in paragraaf 5? (1)

**Die parentese verskaf addisionele inligting / dit gee 'n omskrywing van die woord *destyds*.** (1)

12. Gee 'n woord uit die teks wat dieselfde beteken as...

12.1 die invloed, krag wat van iets uitgaan – **impak (paragraaf 6).** (1)

12.2 ramspoedige – **katastrofiese (paragraaf 7).** (1)

12.3 tregtervormige bek van 'n vulkaan – **krater (paragraaf 5).** (1)

13. Bestudeer paragraaf 6 noukeurig: “Die impak was so aardskuddend, in die heel letterlike sin van die woord, dat 70 kubieke kilometer van die rotse na berekening in 'n damp oorgegaan het.”

13.1 Wat sou *aardskuddend* letterlik beteken? (1)

**Die aarde het werklik beweeg of getril (geskud).** (1)

13.2 Wat sou *aardskuddend* figuurlik beteken? (1)

**Figuurlik gesproke beteken dit 'n chaotiese toestand.** (1)

14. Waarom kan die vraag in paragraaf 7 nie as 'n retoriese vraag beskou word nie? (1)

**Die vraag word wel in dieselfde paragraaf beantwoord.** (1)

15. Verduidelik in jou eie woorde wat beteken *met projektiële te deflekter of aan flarde te skiet* (paragraaf 9). (2)

**Om projektiële die lug in te skiet om die aankomende rots van die koers te laat afwyk (deflekter) of stukkend (aan flarde) te skiet.** (2)

[30]

Aktiwiteit 109: Studie van die letterkunde – gedigte

Aktiwiteit 110: Beskrywing van 'n karakter

### **Aktiwiteit 111: Lees en geïntegreerde taalleer**

#### ***Vrae en voorgestelde antwoorde***

1. Watter betekenis besit die voorvoegsel *pre-* in die woord *prehistoriese* (paragraaf 1)? (1)

**Die voorvoegsel *pre-* beteken *voor*.** (1)

2. Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies deur van klinkerwisseling gebruik te maak:

2.1 Dit is 'n (bewys) (paragraaf 1) feit dat dinosourusse prehistoriese diere is. (1)

**Bewese.** (1)

2.2 Die (ingesluit) (paragraaf 6) dokument oor fossiele bevat waardevolle inligting. (1)

**Ingeslote.** (1)

3. Die woord *soogdier* (paragraaf 2) het betrekking.

3.1 Van watter woord is die woord *soog* deur middel van klinkerwisseling afgelei? (1)

**Suig.** (1)

3.2 Watter betekenisverandering sou die woord *dier* ondergaan as dit verkeerdelik oorrond uitgespreek word? (1)

**Dit sal verander in *duur*. Iets waarvoor 'n mens baie geld betaal, is duur. Dit kan ook op 'n tydperk dui: die operasie duur twee uur.** (1)

4. Gee die intensiewe vorme van die volgende woorde uit die teks:

4.1 Dit was (jong) (paragraaf 1) dinosourusse wat in die fossiele gevind is. (1)

**Bloedjong.** (1)

4.2 Dit was 'n (baie klein) (paragraaf 2) hondjie wat die dinosourus geëet het. (1)

**Piepklein.** (1)

5. Gee die meervoude van die volgende woorde uit die teks:

5.1 Die (baba) (paragraaf 2) word deur die ma's opgepas. (1)

**Babas.** (1)

5.2 Die inhoud van verskeie soogdiere se (maag) (paragraaf 3) is wetenskaplik ondersoek. (1)

**Mae.** (1)

5.3 Daar was 'n paar (embrio) (paragraaf 6) in die hond se maag. (1)

**Embrio's.** (1)

6. 'n Kurator (paragraaf 3) is die hoof van 'n museum. Wat noem ons...

6.1 die akademiese hoof van 'n universiteit? (1)

**Rektor.** (1)

6.2 die administratiewe hoof van 'n universiteit? (1)

**Registrateur.** (1)

7. Bestudeer die woord *vonds* (paragraaf 3) noukeurig.

7.1 Van watter woord is dié woord deur middel van klinkerwisseling afgelei? (1)

**Vind.** (1)

7.2 Gee die meervoud van dié woord in die volgende sin: Daar was verskeie (vonds) waarvan dié een seker die belangrikste ontdekking was. (1)

**Vondste.** (1)

7.3 Gebruik die homofoon van dié woord in 'n goeie sin. (1)

**Die skool het 'n fonds gestig vir die seun wat geologie wou gaan studeer.** (1)

8. Vokaalreduksie kom by die natuurlike uitspraak van woorde voor waar 'n swak beklemtoonde lettergreep in 'n neutrale klank verander word. Haal 'n woord uit paragraaf 4 aan en dui aan hoe die klankverswakking plaasgevind het. (1)

**Vandag word as *vindag* uitgespreek.** (1)

9. Gee twee meervoude vir die woord *museum* (paragraaf 2). (2)

**Museums (1) en musea (1).** (2)

10. Haal 'n voorbeeld van palatalisasie uit paragraaf 3 aan. (1)

**Keer (kie-eer).** (1)

11. Watter verskil is daar ten opsigte van uitspraak van die vetgedrukte d-klank in die woorde *bekend* en *dat* (paragraaf 1)? (2)

**Die d-klank in *bekend* is stemloos (uitgespreek as “t”) en in die woord *dat* is dit stemhebbend (uitgespreek as ’n “d”).** (2)

12. Watter betekenisverandering sal die woord *ook* (paragraaf 5) ondergaan as die eksplosief met ’n triller vervang word? (1)

**Die woord *ook* sal dan *oor* word wat ’n ander betekenis het.** (1)

13. Skryf die afkorting van die woord *volgens* (paragraaf 5) neer. (1)

**Vlg.** (1)

14. Gebruik die skeibare werkwoord *ingesluit* (paragraaf 6) as twee woorde (dus geskei) in ’n sin. (1)

**Ek *sluit* die volgende *in*. Enige sin met *insluit* as twee woorde.** (1)

15. Haal ’n voorbeeld van algehele assimilasie uit paragraaf 6 aan en dui aan hoe dié klankverskynsel die uitspraak van die woord verander het. (1)

***Tande* uitgespreek as *tanne*.** (1)

## Week 33 en 34

# Liewe aarde!

Aktiwiteit 112: Kom ons onderhandel...

## Aktiwiteit 113: So hard soos klip: 'n lees- en geïntegreerde taaloefening

### *Vrae en voorgestelde antwoorde*

1. Hou in gedagte dat hierdie leesstuk verwerk is uit die tydskrif *Insig*. Verklaar nou die gebruik van die opskrif *Liewe aarde*.

**Liewe Aarde is die titel van die rubriek wat maandeliks in die tydskrif verskyn.**

2. Hoe sluit paragraaf 1 en paragraaf 4 bymekaar aan?

**Paragraaf 1 noem dat elke klip waarmee gebou word 'n sekere posisie het. In paragraaf 4 word vertel dat nie enige iemand met klip kan bou nie. 'n Mens word opgelei om met klip te bou.**

3. Skryf die tweede sin van paragraaf 1 oor en plaas die ontbrekende leesteken op die regte plek en vervang die aandagstreep met 'n ander gepaste leesteken.

**Want as jy met 'n klip werk, het hy 'n natuurlike lê: net één posisie is reg binne die stawel.**

4. Vokaalreduksie kom by die natuurlike uitspraak van woorde voor waar 'n swak beklemtoonde lettergreep in 'n neutrale klank verander word. Haal 'n woord uit paragraaf 2 en 'n woord uit paragraaf 4 aan waarin daar vokaalreduksie in voorkom en dui aan hoe die klankverswakking plaasgevind het.

**Figure (f*ie*gure) uitgespreek as f*ig*ure.**

**Vandag uitgespreek as vindag.**

5. Watter taalverskynsel kom voor in die woord *stawel* (paragraaf 1)? Gee ook 'n ander woord daarvoor wat min of meer dieselfde beteken.

**Argaïsme (verouderde vorm). Stapel.**

6. Gee die verkleining van die woord tussen hakies in die volgende sin: Daar was orals (rysmiertorings) te sien (paragraaf 2).

**Rysmiertorinkies.**

7. Bestudeer die woord *waterryke* in paragraaf 2. Dui die verskil tussen *waternood* en *watersnood* aan.

**Waternood is 'n tekort aan water, watersnood is te veel water soos by 'n oorstroming.**

8. In paragraaf 2 word die woord *hang* as 'n selfstandige naamwoord gebruik. Gebruik nou dié woord as 'n werkwoord in 'n sin.

**Ek hang aan die krans. Enige sin met *hang* as 'n werkwoord.**

9. Skryf 'n woord uit paragraaf 2 neer wat beteken: In skakerings van een kleur uitgevoer.

**Monochroom**

10. Skryf één woord uit paragraaf 2 neer waarin dieselfde vokale verskillende klanke kan voorstel en onderstreep.

**Enige een van die volgende: Waterberg, rotstekeninge, weggeslaan, gele, bekende, uitgerekte.**

11. Bestudeer die woord *lui-perd* (paragraaf 2) noukeurig.
- 11.1 Skryf dié woord oor en onderstreep die basis van die woord binne die konteks van die teks.
- Lui-perd.**
- 11.2 Water betekenisverandering kan die woord ondergaan as dit as twee woorde geskryf word?
- Dan verwys dit na 'n perd wat baie lui is.**
12. Die woord *vetstertskaap* (paragraaf 2) het betrekking.
- 12.1 Skryf die bepaler van dié woord neer.
- Vetstert.**
- 12.2 Gebruik die kern van dié woord as 'n bepaler in 'n samestelling.
- Enige samestelling met *skaap*- as bepaler: skaapwol, skaapkop, skaaptjop, ensovoorts.**
13. Die woord *sjamaans* (paragraaf 2) het betrekking. Gee die manier van vorming van die vetgedrukte klank.
- Affrikaat.**
14. Is die volgende bewering waar of vals? Die rotskuns is slegs deur vandale verniel. Motiveer jou antwoord deur paragraaf 3 aandagtig te bestudeer.
- Vals. Die rotskuns is ook deur eksfoliasie van water wat deursypel verkrummel.**
15. Die woord *begin* kom in paragraaf 3 voor. Gee die korrekte vorm van dié woord in die volgende sin: Dit was 'n (nie-begin) taak om die rotstekening te beskerm teen vandale.
- Onbegonne.**
16. Bestudeer die woord *houts-kool* (paragraaf 3) noukeurig.
- 16.1 Watter funksie vervul die s-klank in hierdie woord?
- Verbindingsklank.**
- 16.2 Skryf die kern van hierdie woord neer.
- Kool.**
17. Die woord *realisties* (paragraaf 3) het betrekking.
- 17.1 Gee die korrekte vorm van dié woord in die volgende sin: Ons plan het (realisties). **Gerealiseer.**
- 17.2 Realisties beteken om soos die waarneembare werklikheid te wees. Skryf die oorspronklike vorm van dié woord neer in die volgende sin: Teenoor die ideële (denkbeeldige) staan die ... werklikheid. **Reële.**
18. Gee die vroulike vorm van die volgende:
- 18.1 eland (paragraaf 3) – **Elandkoei.**
- 18.2 rooibok (paragraaf 3) – **Rooibokkooi.**
19. Gee die manlike vorm van die volgende:
- 19.1 sebra (paragraaf 3) – **Sebrahings.**

19.2 luiperd (paragraaf 3) – **Luiperdmannetjie.**

20. Die woord *sinneloos* kom in paragraaf 3 voor. Onderskei tussen *sinneloos* en *sinloos*.

**Die woord *sinneloos* beteken dwaas, dom. Dit was 'n sinnelose daad om die rotstekeninge te vernietig. Die woord *sinloos* beteken sonder betekenis, onsinnig. Vir iemand sonder geloof is die lewe sinloos.**

21. Vorm 'n byvoeglike naamwoord van die woord *verniel* (paragraaf 3) in die volgende sin: Die (verniel) mense het die rotstekeninge toegeverf. **Vernielsugtige.**

22. Skryf die grondwoorde waaruit die volgende woorde saamgestel is, neer.

22.1 onkunde (paragraaf 3)

**Saamgestel uit die voegsel *on-* wat *nie* beteken en die grondwoord *ken*.**

22.2 merkwaardig (paragraaf 4).

**Saamgestel uit *merk* plus *werd*.**

23. Gee die korrekte vorm van die woord *gewerf* (paragraaf 4) in die volgende sin: Hulle (verwerf) kennis het hulle in staat gestel om die klipmure korrek te stawel. **Verworwe.**

24. Die woord *klassieke* word in paragraaf 4 gebruik. Gebruik nou die woord *klassikaal* in 'n goeie sin.

**Enige sin met klassikaal: Die lemoene word klassikaal verpak. Ons ontvang klassikale onderrig.**

## **Aktiwiteit 114: Studie van die letterkunde – ongesiene gedig**

### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Wie is die spreker in die gedig? (1)

**'n Leerder wat nie presteer volgens sy pa se vereistes nie. (1)**

2. Benoem en verduidelik die beeldspraak in reël 3 en 4. (2)

**Die woorde *'n galgtou oor my kop* is 'n metafoor en dit beteken die prestasies wurg hom soos 'n galgtou waaraan iemand hang. (2)**

3. Wat word deur die herhaling aan die einde van elke strofe gesuggereer? (1)

**Daardeur word beklemtoon dat sy prestasies belangriker as sy siel is vir sy pa. (1)**

4. Wat is 'n *rostrum* waarvan daar in reël 9 sprake is? (1)

**Dit is die platform waarop die wenners van 'n item staan. Ook 'n verhoog waarop 'n spreker staan as 'n gehoor toegesprek word. (1)**

5. Benoem die rympatroon in die gedig en verduidelik hoe die rympatroon by die inhoud van die gedig aansluit. (2)

**Dit is paarrym en hierdie gedig handel oor 'n pa-seun verhouding. (2)**

6. Haal 'n woord uit die gedig aan wat dieselfde beteken as *kwesbare plek*. (1)

**Achilleshiel. (1)**

7. Waarom word daar na die seun as 'n *turksvykind* (reël 15) verwys? (1)

**Omdat hy nie presteer volgens sy pa se wense nie, sien hy homself as 'n probleemkind vir sy pa. Turksvy dui op 'n moeilike kwessie of situasie. (1)**

8. *Pa is mos my proto*, (reël 21). Waarom word slegs die woorddeel *proto* gebruik en nie *prototipe* nie? (1)

Dit is vir rymdoeleindes: *proto* rym met *foto*.

(1)

[10]

Aktiwiteit 115: Ooggetuieverlag

## Aktiwiteit 116: Is dit nou vel en steen?

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Watter uitdrukking in die titel is verander om by die inhoud van die teks te pas?

**Vel en been is verander na vel en steen.**

2. As iets nie moontlik (inleiding) is nie, dan is dit *onmoontlik*. Watter klankverskynsel kom in dié woord voor?

**Gedeeltelike assimilasie.**

3. Watter betekenisverandering sal die woord *steen* (titel) ondergaan as dit verkeerdelik oorrond uitgespreek word?

**Dit sal *steun* wees wat beteken as iemand 'n dowwe keelgeluid maak of op iemand staatmaak (steun).**

4. Haal 'n voorbeeld van algehele assimilasie uit die eerste twee sinne van paragraaf 1 aan en dui aan hoe die normale uitspraak van dié woord verander word.

**Onder uitgespreek as *onner*.**

**Minder uitgespreek as *minner*.**

5. Die woord *miljarde* kom in die eerste paragraaf voor. Iemand wat miljarde rande besit, word 'n... genoem (vorm 'n persoonsnaam van miljarde).

**Miljardêr.**

6. Dui die ooreenkoms en die verskil aan ten opsigte van die manier van vorming van die vetgedrukte konsonante: *geskied* (paragraaf 1) en *harde* (paragraaf 1).

**Albei is eksplosiewe. Die eersgenoemde *geskied* is stemloos (uitgespreek as 'n "t") en die tweede *harde* (uitgespreek as 'n "d") is stemhebbend.**

7. Gebruik enige twee woorde in die eerste sin van paragraaf 1 om aan te dui dat verskillende konsonante dieselfde klank verteenwoordig.

**Fossiele en yorm. Die f- en die v-klank.**

8. Watter klankverskynsel het plaasgevind as die woord *vrot* van die woord *verrot* (paragraaf 1) afgelei word?

**Klankweglating.**

9. Gee die intensiewe vorme van die volgende woorde uit die teks:

- 9.1 Die (baie swak) (paragraaf 1) dinosourussie het vroeg gesterf.

**Kuikenswak.**

- 9.2 By geboorte het die dinosourussie 'n (baie sagte) (paragraaf 1) velletjie gehad.

**Fluweelsagte.**

10. Watter klankverskynsels vind plaas as die woord *materiaal* (paragraaf 2) soms verkeerdlik deur kleuters as *meterimiaal* uitgespreek word?

**Vokaalreduksie, klanktoevoeging en klankverspringing.**

11. Haal 'n woord uit paragraaf 2 aan waar die vokaal genasaleer en die nasaal gevokaliseer word sodat die twee klanke gelyktydig deur die neus en mond uitgespreek word.

**Ons.**

12. Skryf slegs die twee basisse van die woord *oorspronklike* (paragraaf 2) neer.

**Oor + spring.**

13. Skryf slegs die grondwoord van die woord *sigbaar* (paragraaf 2) neer.

**Sien.**

14. Skryf die volgende woorde uit die teks neer en onderstreep die lettergreep wat die hoofklem dra: fossiel, fossileer, verrotting, wonderbaarlik.

**Fossiel, fossileer, verrotting, wonderbaarlik.**

## **Aktiwiteit 117: Redigering**

### ***Vrae en voorgestelde antwoorde***

1. Skryf die volgende sin oor en verbeter dit ten opsigte van hoofletters. Onderstreep telkens die hooflettergebruik wat gekorrigeer is.

**Daar loop dr. Van Niekerk wat die klipformasie bestudeer het. (1)**

2. Skryf die volgende sin korrek in die direkte rede. Verbeter ook die leestekens waar nodig. Gebruik 'n ander kleur pen om die korreksies aan te dui of onderstreep dit wat jy gekorrigeer het.

**Themba vra: “Moet ons ons navorsingsprojekte oor dinosourusse vandag inhandig?” (3)**

3. Skryf die volgende oor en vul die korrekte leestekens in. Dui die korrekte leestekens en hoofletters met 'n helder kleur pen aan.

**Die argeoloog is ontsteld, (1/2) woedend en geïrriteerd, (1/2) Die (1/2) opgrawers wil nie na hom luister nie en kap onverskillig in die grond, (1/2) “Wanneer (1/2) gaan julle na my luister? (1/2) Julle (1/2) gaan nog kosbare fossiele stukkend kap, (1/2)” (1/2) roep hy uit, (1/2) (5)**

4. Skryf die sin oor en haal die voegwoord uit. Vervang die voegwoord met 'n gepaste leesteken.

**'n Navorser moet geduld hê; hy moet baie inligting versamel. (1)**

5. In onderstaande sin is daar één spelfout. Skryf slegs dié woord korrek oor.

**Die potsierlike mannetjie lewer 'n interessante praatjie oor amfibieë. (1)**

6. In onderstaande sin is daar twee taalfoute. Skryf die hele sin oor en onderstreep dit wat jy gekorrigeer het.

**Hy het die video oor argeologiese opgrawings vir 'n appel en 'n ei gekoop en glo dat dit die mees wonderlikste geskenk vir die navorser gaan wees. (2)**

7. In die onderstaande sin is daar één intensiewe vorm wat verkeerd gebruik is. Skryf slegs dié vorm korrek oor.

Die ystersterk man het die popmooi vroujie uit die grot gedra en sodoende haar lewe gered. (1)

8. In die onderstaande sin is daar een spelfout. Skryf slegs dié woord korrek oor.

Die professor het die studente herinner om die opgrawings toe te sluit, want daar is baie kwajongens wat dié vondste wil bekom vir sluikhandel. (1)

9. Daar is 'n verkeerde gebruik van die homofoon in onderstaande sin. Skryf die sin oor en korrigeer. Onderstreep dit wat jy verander het.

Die bioloog vang heeldag paddas in die vlei vir navorsing. Later die aand vly hy homself op die groen gras neer. Hy vee die sweet van sy voorkop af. Sy meisie vlei hom en komplimenteer hom vir sy deursettingsvermoë. (3)

10. Skryf die volgende sin oor en verwyder al die woordtoortollighede uit die sin. Korrigeer ook die twee spelfoute wat voorkom.

Die argeoloog het ~~te voet~~ te voet geloop van die opgrawings aan die kruin van die berg af. Dit was 'n klipperige rotsagtige gebied en die voetpaadjie was byna onbegaanbaar. Hy was moeg van die dag se werk en gaan was sy vuil besmeerde gesig in 'n stroompie water. (6)

11. Gee suiwer Afrikaans vir die vetgedrukte gedeelte.

Die weervoorspeller is altyd betyds, 'n mens hoef nooit vir hom te wag nie. (1)

12. Skryf dié sin oor en vul die ontbrekende komma op die regte plek in.

Nadat ons ons (geen komma) projekte ingehandig het, was ons gereed om met die volgende opdrag te begin. (1)

13. Kies die korrekte woord tussen hakies en skryf dit neer.

Daar is baie geleerdes wat Suid-Afrika permanent verlaat en na Australië toe (emigreer / immigreer). (1)

14. Kies die korrekte los- en vasskryf van onderstaande woorde en skryf dit neer.

Hy trap (agtertoe / agter toe) en val oor die krans. Nou sal hy (huis toe / huistoe) moet gaan, want sy maer merrie / maermerrie is nerfaf geskuur. (3)

[30]

## Week 35 en 36

# Musiek en liriek

Aktiwiteit 118: Afrikaanse musiek voer die botoon!

## Aktiwiteit 119: Som op

### *Voorgestelde antwoord*

#### *Hoofgedagtes*

1. Stel vas waarom jy dinge uitstel en ongemotiveerd is om dit dadelik te doen. (14 woorde)
2. Maak 'n lys waarin alle take puntsgewys neergeskryf word en merk voltooide take af. (14 woorde)
3. Pak take met werklus en entoesiasme aan, dit gee selfvertroue en maak jou trots. (14 woorde)
4. Takel dadelik 'n taak en fokus op die taak en stel spertye vir afhandeling vas. (15 woorde)
5. Beskerm jou tyd, benut dit ten volle moenie dat iets of iemand jou onderbreek nie. (15 woorde)
6. Beplan deur duidelike doelwitte te stel en skakel daaglikse frustrasies uit. (11 woorde)

#### *Opsomming*

Kom uit jou môre-is-nog-'n-dag-groef!

Stel vas waarom jy dinge uitstel en ongemotiveerd is om dit dadelik te doen. Maak 'n lys waarin alle take puntsgewys neergeskryf word en merk voltooide take af. Pak take met werklus en entoesiasme aan, want dit gaan jou selfvertroue gee en jou trots maak. Takel dadelik 'n taak, fokus daarop en stel spertye vir afhandeling vas. Beskerm en benut jou tyd ten volle en moenie dat iets of iemand jou onderbreek nie. Deur beplanning en duidelike doelwitte skakel jy daaglikse frustrasies uit.

[83 woorde]

Aktiwiteit 120: Die studie van die letterkunde – drama

## Aktiwiteit 121: Skryf 'n resensie

Die resensie op die volgende bladsy kan gekopieer word en aan die leerders uitgedeel word sodat hulle 'n idee kan vorm van wat van hulle verwag word.

### **Voorbeeld van 'n resensie**

Lees die onderstaande resensie deeglik deur sodat jy weet wat van jou verwag word by die skryf van 'n resensie:

#### **Gian Groen 'n lirikus van formaat**

Gian (Hanekom) Groen is besig om homself te vestig as die beste liriese liedjieskrywer in Afrikaans.

Hy het 'n digter se aanslag, 'n stem wat ontroer en die gawe om wanner-refreine te skep.

Dit is alles bestanddele van sy derde album, *Met die maan gepla*. En *gepla* is hy gewis. Die maan kom in die meeste van die liedjies as metafoor voor. 'n Mens vermoed dat hy dit self iewers langs dié kreatiewe pad agtergekom en daarom die titelsnit geskryf het.

Die resultaat is een van sy beste liedjies nóg: "Helder maan langs die Suiderkruis, sal jy my laste dra? Kom hoog soos 'n boog oor die berg se hoogste rand, sekelvrou van die anderkant, waar die son die mense brand."

Hierdie is Groen se rustige én mees introspektiewe album tot dusver. En dit sê baie, as 'n mens sy vorige skeppings in gedagte hou.

Soos hy self sê, sy dae van kroeë en eensaamheid is verby. Hy is verlede jaar getroud en sy nuwe lewenswyse het neerslag gevind in sy musiek.

Die verwerkings het ook 'n tree vorentoe geneem en die produksie pas 100% by die musiek. Groen en sy makkers het self die produksiewerk behartig.

Die enigste cover op die album is van Anton Goosen se meesterstuk *Kruppelkop - gewete*.

Daar is klanke wat herinner aan Amerikaanse hartlandmusiek, asook aan klassieke rock. Dit word geskep deur slide-kitare, lae akoestiese kitare en goeie agtergrondstemme (onder andere Linka Coetzee van *ddisselblom*).

Die invloed van Guy Feldman op kitaar kan duidelik gehoor word. Hy gee elke liedjie 'n ander gevoel deur klanke uit verskillende rock-genres op te diep. Om die waarheid te sê, klink sommige van sy riffs en solo's baie bekend, soos die tandemkitare van Lynyrd Skynyrd. Op *Modeparade* span Groen Feldman se Spaanse kitaarspel meesterlik in. Hy het dit ook gedoen op Abel Kraamsaal se debuutalbum, waarvan hy die ateljeeproduksie behartig het.

Hoewel daar nie, soos op sy vorige albums, een liedjie is wat uitstaan nie, sal *Met die maan gepla* jou met elke aanhoor meer betower.

Rockmusiek - Dirk Jordaan

Uit *Beeld*, 16 Junie 2004, bl. 3.

## Aktiwiteit 122: Ek kan rock in my taal

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Waaraan is die titel ontleen en watter effek word daardeur bewerkstellig? (2)  
**Dit is 'n kinderliedjie of kinderrympie. (1) Dit bewerkstellig 'n speelse effek. (1)**  
(2)
2. Waardeur word die klankrykheid van die titel bewerkstellig? (1)  
**Die klankrykheid word bewerkstellig deur die halfrym (allitererende tr-klanke).**  
(1)
3. Bestudeer strofe 1.
  - 3.1 Watter Engelse woord word in dié paragraaf gebruik en hoekom kan die gebruik daarvan as 'n paradoksale teenstelling beskou word (as die res van die strofe in gedagte gehou word)? (2)  
**Die woord *sonkie* word gebruik. Sy gebruik die verkleining, maar sy sê dat *dit baie vat* om 'n lied te skryf. Dus paradoksaal.** (2)
  - 3.2 Wat beteken die woorde *in jou hartkamer kom lê*? (1)  
**Dit beteken of jy daarvan gaan hou.** (1)
  - 3.3 Wat is die funksie van die retoriese vrae in hierdie strofe? (1)  
**Dit druk haar onsekerheid uit.** (1)
4. Strofe 2 is van toepassing.
  - 4.1 Watter stylmiddel kom in hierdie strofe voor wat gewoonlik 'n voorvereiste is by 'n lied? (1)  
**Herhaling** (1)
  - 4.2 Haal die personifikasie in die strofe aan en verduidelik wat daarmee bedoel word. (2)  
**Die woorde *planeet se siek* is personifikasie. (1) Dit dui eintlik op die mens wat op die planeet woon wat eintlik "siek" (sleg) is. (1)** (2)
5. Bestudeer strofe 3:
  - 5.1 Die woorde *ek ken* word herhaal. Wat word bewerkstellig deur die gebruik van die akuutaksent op die woord *kén*? (1)  
**Sy maak eers die stelling dat sy ken, maar daarna bevraagteken sy dit deur dié woord te beklemtoon.** (1)
  - 5.2 Watter kontras lê daar opgesluit in die metaforiese vergelyking? (2)  
**In die metaforiese vergelyking *Die lewe is 'n sirkus* lê die kontras van *hemel* en *hel* opgesluit (daar is blydschap en hartseer in die lewe).** (2)
6. Strofe 4 is van toepassing.
  - 6.1 Skryf die woorde "kom ons trippe trappe trone deur die kamers van my hart" in jou eie woorde neer. (1)  
**Leeders se eie vertolkings: kom ons beweeg saggies deur die emosies wat ek ervaar.** (1)
  - 6.2 Haal 'n woord aan wat dieselfde beteken as

6.2.1 'n dooie liggaam, 'n lyk (1)

**Kadawer. (1)**

6.2.2 vasteland. (1)

**Kontinent. (1)**

7. Bestudeer die laaste twee strofes noukeurig.

7.1 Watter lande het sy besoek as sy die stede *Amsterdam* en *München* besoek het? (2)

**Nederland en Duitsland. (2)**

7.2 Wat is 'n *grag*? (1)

**'n Sloopagtige uitgraving in die grond as verdediging om 'n stad. (1)**

7.3 Hoe beskryf sy haarself as kind van Afrika? (1)

**Sy beskryf haarself as *boskind van die see*. (1)**

7.4 Waarom kan haar beskrywing (genoem in vraag 7.3) as paradoksaal beskou word? (1)

***Boskind* verwys na die binneland en dit staan paradoksaal teenoor die see. (1)**

7.5 Verduidelik en benoem die beeldspraak in die woorde *elke land dra haar bagasie*. (2)

**In elke land is daar dinge wat verkeerd geloop het in die geskiedenis. Sy verwys hier na die bagasie van apartheid wat ons land swaar aan dra. (1)**

**Metafoor (1) (Net so dra Duitsland swaar aan die Jodeuitwissing, Amerika aan die onreg teenoor die Indiane, ensovoorts.) (2)**

8. Wat bewerkstellig die klankrykheid in die titel? (1)

**Herhaling van die tr- en p-klanke. (1)**

9. Haal 'n voorbeeld van vokaalreduksie uit strofe ses aan. (1)

**Bagasie uitgespreek as bigasie. (1)**

[25]

Aktiwiteit 123: My eie spellys

## Aktiwiteit 124: Lees en geïntegreerde taalleer

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Die woord **uitsluitlik** word in paragraaf 1 gebruik.

1.1 Gee die sinoniem vir dié woord in die volgende sin: Hy het die (uitsluitlike) reg op die gebruik van die grond. **Uitsluitende.**

1.2 Gee die antoniem van dié woord in die volgende sin: Alles wat jy sien (uitsluitlik) die motor, moet verkoop word. **Inklusief.**

2. Die woord *hê* word in paragraaf 1 gebruik. Gee die korrekte vorm van dié woord in die volgende sin: Daar is 'n (**hegte**) eenheid tussen hulle.

3. Gee die rede vir die gebruik van die komma in die eerste sin van paragraaf 1: "...van 'n geraamte in jou kan hê, het die afgelope dekade..."

**'n Komma word gebruik tussen twee gesegdes.**

4. Gee die korrekte vorm van die woord *verwerf* (paragraaf 1) in die volgende sin: Sy (**verworwe**) roem is verkry deur harde werk en deursettingsvermoë.
5. In die eerste paragraaf word daar van 'n *figuurlike geraamte in die kas* gepraat.
  - 5.1 Gee die teenoorgestelde van *figuurlik* in die volgende sin: Dit was nie 'n figuurlike geraamte in die kas nie, maar 'n **letterlike** geraamte.
  - 5.2 Gee die teenoorgestelde van *letterlik* in die volgende sin: Dit was nie 'n letterlike vertaling uit Frans nie, maar 'n **vrye** vertaling.
6. Gee die korrekte vorm van die woord *meedeel* (paragraaf 1) in die volgende sin. Hy is nie (**mededeelsaam**) nie en hou alles vir homself.
7. Leerders gebruik die woord *onderhoud* paragraaf 3 in 'n ander betekenisverband as in die teks.

**Die onderhoud aan die vervalde huis het hom baie geld uit die sak gejaag.**

8. 'n Sinoniem moet altyd in die konteks van die sin pas. Bestudeer die volgende sin: *Ook die uitbreiding daarvan is essensieel Engels* (paragraaf 5).
  - 8.1 Gee 'n sinoniem vir *essensieel* wat binne dié konteks pas. **Wesenlik** of **fundamenteel**.
  - 8.2 Gee die korrekte vorm van dié woord in die volgende sin: Om te eet is een van die (**essensiële**) behoeftes van die mens.
9. Die woord *grimmiger* (paragraaf 5) het betrekking. Gee die teenoorgestelde van dié woord. **Skrikwekkender, vreesliker, wreder (dié antoniem moet in die vergrotende trap wees).**
10. Gebruik die woord *stoel* (paragraaf 6) in 'n ander betekenisverband as in bostaande teks.
 

**Nadat die plantjies kunsmis gekry het, het hulle begin stoel.**
11. Skryf die meervoud van die woord *genot* (paragraaf 6) neer. **Genietinge.**
12. Leerders gee die sinoniem en die antoniem van die woord *swarmoedige* (paragraaf 6). **Neerslagtige / Opgewekte.**
13. Gee die korrekte vorm van die woord *bederf* (paragraaf 6) in die volgende sin: Die (**bedorwe**) brokkie wil nie sy groente eet nie.
14. Gee die regte vorm van die woord *mummie* (paragraaf 7) in die volgende sin: Die liggaam is (**gemummifiseer**) sodat dit vir eeue bewaar kon bly.



## Week 37 en 38

# Berei jouself voor vir die eksamen

Aktiwiteit 125: Mondelinge evaluering

## Aktiwiteit 126: Begripsoefening

### Vrae en voorgestelde antwoorde

*Elkeen is uniek!*

1. Hoe sluit die titel en die inleidingsin by mekaar aan? (1)

**Die titel sê dat elkeen uniek is en die inleidingsin ondersteun dit deur te sê dat almal verskillend, dus eiesoortig is. (1)**

2. Noem twee tegnieke wat gebruik word om die feit dat mense verskillend is, in die eerste paragraaf uit te hef. (2)

**Die groot druk hef dit uit, ook die herhaling van die woord *verskillend*. (2)**

3. In paragraaf 2 is daar 'n duidelike progressie. Toon dit aan. (2)

**Van gesinne tot bure tot dorpsbewoners tot burgers van dieselfde land. Dus van intieme gesinslede tot onbekende burgers. (2)**

4. Bestudeer paragraaf 2 en 3 noukeurig. Is hierdie twee paragrawe aaneenskakelend of teenstellend? Motiveer. (2)

**Dit is teenstellende paragrawe. Paragraaf 3 begin met die teenstellende voegwoord *maar* wat op die teendeel dui: mense is verskillend, maar ook dieselfde. (2)**

5. Gee 'n sinoniem vir die woorde *uniek* (titel) en *eenders* (paragraaf 3). (2)

**Uniek = eiesoortig; eenders = dieselfde / gelykwaardig. (2)**

6. Hoe word onderskeidingsgroepe (paragraaf 4) gevorm? (1)

**Mense met gemeenskaplike kenmerke of belange vergader saam om 'n groep te vorm. Hulle word van ander groepe onderskei deurdat hulle anders is. 'n Groep word gevorm deur mense met gemeenskaplike belange. (1)**

7. Waarom word "*ons*" en "*hulle*" telkens in aanhalingstekens geskryf in paragraaf 4? (1)

**Dit beklemtoon die onderskeid tussen die "*ons*" en die "*hulle*". (1)**

8. Wat is die aard van die styl van hierdie teks? (1)

**Bespiegeland, mymerend. (1)**

*Lê so plat soos 'n plank*

9. Bestudeer die illustrasie noukeurig.

9.1 Met watter paragraaf hou die illustrasie direk verband? Verduidelik. (2)

**Dit hou verband met paragraaf drie waarin die reëls beskryf word. (2)**

9.2 Wat is die funksie van die illustrasie?

**Dit wys visueel hoe *planking* gedoen word. (1)**

9.3 Die inligtingsblokkies by die illustrasie gee aanwysings van hoe *planking* gedoen moet word. Een van hierdie aanwysings verskil van die ander. Verduidelik volledig. (2)

**Die blokkie wat aandui waar die *planking* gedoen moet word, bevat ook 'n waarskuwing terwyl die ander slegs die aanwysings gee. (2)**

10. Bestudeer die titel noukeurig.

10.1 Verduidelik wat deur die tipografie in die titel bereik word. (1)

**Daardeur word te kenne gegee dat *planking* ook skuins gedoen kan word solank jy net so plat soos 'n plank lê. (1)**

10.2 In *planking* mag jou lyf glad nie buig nie. Hoe word hierdie aspek van *planking* in die titel klankmatig versterk? (1)

**Die herhaling van die klanke in die woorde *plat* en *plank*. (1)**

11. Die subopskrif is van toepassing.

11.1 Waarvoor staan die afkorting *HAT*? (1)

**Handwoordeboek van die Afrikaanse taal. (1)**

11.2 Watter ironiese kontras is daar tussen *planking* en die woordeboekbeskrywing? (2)

**Die woordeboekbeskrywing is onindrukwekkend en gewoon, terwyl *planking* nuut en ekstreem is. (2)**

12. Haal 'n klanknabootsende woord uit paragraaf 1 aan. (1)

**Gons. (1)**

13. Skryf neer wat die funksie is van paragraaf 2 wat uit slegs een sin bestaan. (1)

**Die inhoud van die hele teks word in hierdie een sin saamgevat. (1)**

14. Watter enkele woord uit paragraaf 4 dui daarop dat *planking* nie 'n doelbewuste aktiwiteit van tieners was nie. (1)

**Verveelde. (1)**

15. Hierdie tydverdryf het aanvanklik as *lying down game* bekend gestaan. Dink jy *planking* is 'n beter woordkeuse? Motiveer jou antwoord. (2)

**Leeders se eie gemotiveerde antwoorde. (2)**

16. Bestudeer paragrawe 6 en 7. Watter twee woorde staan lynreg teenoor mekaar? (2)

**Slakkepas en veldbrand. (2)**

17. Waarom het die *planking* van dokters en verpleegsters soveel opskudding veroorsaak? (1)

**Hulle beoefen 'n professionele beroep en moet altyd paraat wees. (1)**

18. Was die straf wat die mediese personeel opgelê is gepas? (1)

**Leeders se eie mening. (1)**

**[30]**

## Aktiwiteit 127: Opsomming

### Voorgestelde antwoord

Leerders skryf hulle eie opsommings. Trek een punt af vir elke instruksie wat nie uitgevoer is nie.

Die volgende hoofgedagtes moet in die opsomming voorkom:

- Mens moet die begeerte hê om jou denke / geheue te verbeter.
- Bepaal die omgewing waar die beste gedink kan word.
- Bepaal wanneer jy die beste kan dink: vroegoggend of laataand.
- Skryf dit wat jy wil onthou, neer.
- By in verwondering oor die kleinste dingetjie op aarde.
- Skep nuwe kreatiewe idees.
- Konsentrasie is belangrik by geheue.
- Koppel nuwe inligting aan bestaande idees.

## Aktiwiteit 128: Taaloefening

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Skryf 'n woord uit die subopskrif neer waarin daar vokaalreduksie voorkom. (1)  
**Party uitgespreek as pirty. (1)**
2. Onderskei tussen *korporasie* (subtitel) en *koöperasie* deur 'n goeie sin met elk van die woorde te maak. (2)  
**'n Korporasie is 'n vereniging met regs persoonlikheid waarvan die aandele in die hande van slegs 'n paar lede is. 'n Koöperasie is 'n vereniging van persone met die doel om voordeliger in die lede se behoeftes te voorsien deur die tussen-handelaar uit te skakel. (2)**
3. *Daardie gevoel dat iemand vir hulle omgee* (paragraaf 1). Hierdie sin is in die indirekte rede. Skryf hierdie sin oor in die direkte rede. Begin as volg. Hulle sê: (2)  
**Hulle sê: "Hierdie gevoel dat iemand vir ons omgee." (2)**
4. *Rateltaai* (paragraaf 1) is die intensiewe vorm van taai. Gee die intensiewe vorme van die volgende woorde tussen hakies in die volgende sinne:
  - 4.1 Daar was (weinig) wat die uitvoerende hoofde aan die werkers se spanning kon doen, behalwe om hulle vir liefdestherapie te stuur. (1)  
**Bloedweinig. (1)**
  - 4.2 Daar was 'n (breë) verskil in hulle stresvlakke nadat hulle die terapie ontvang het. (1)  
**Hemelsbreë. (1)**
5. Skryf die basisse van die woord *oorname* (paragraaf 1) neer. (1)  
**Oor + neem. (1)**
6. Skryf 'n voorbeeld van 'n determineerder uit paragraaf 1 neer. (1)  
**Daardie. (1)**
7. Voegsels of morfeme het betekenis. Gee die betekenis van die vetgedrukte voegsels:
  - 7.1 genadelose (paragraaf 1) (1) – **Sonder. (1)**

- 7.2 **herontdekking** (paragraaf 7) (1) – **Weer.** (1)
8. Die woord *sakefiasko*'s kom in paragraaf 2 voor. Gee die meervoud van die volgende woorde:
- 8.1 kamera (1) – **kameras.** (1)
- 8.2 skoonpa (1) – **skoonpa's.** (1)
9. Gee die verkleining van die woord *ondekkings* (paragraaf 3) in die volgende sin: Die (ondekkings) in die Karoo was gering. (1)
- Ontdekkinkies** (1)
10. Skryf die afkorting neer vir Maatskappy (paragraaf 3). (1)
- Mpy.** (1)
11. Gee die vroulike vorm vir die woord *direkteur* (paragraaf 3). (1)
- Direktrise.** (1)
12. Die woord *bevind* kom in paragraaf 4 voor. Gee die regte vorm van die woord *vind* in die volgende sin: Die (vind) het baie opspraak verwek. (1)
- Vonds.** (1)
13. Die woord *kommer* (paragraaf 4) is van toepassing. Leerders gee die korrekte vorm van dié woord in die volgende sin: Dit is (kommer) dat so baie amptenare stres ervaar. (1)
- Kommerwekkend.** (1)
14. Leerders skryf neer of die volgende woorde samestellings, afleidings of samestellende afleidings is:
- 14.1 ontwikkeling (paragraaf 4) (1) – **Afleiding.** (1)
- 14.2 liefdestherapie (paragraaf 6) (1) – **Samestelling.** (1)
15. Die woord *onderwerp* kom in paragraaf 6 voor.
- Maak 'n sin met dié woord om aan te dui dat klemverskuiwing die betekenis van 'n woord kan verander.
- Enige sin met die woord onderwerp: Die onderwerp waaroor hy skryf, is liefde.** (1)
16. Die woord *denke* (paragraaf 5) is deur klinkerwisseling (metamorfeme) van die woord *dink* afgelei. Leerders vorm deur middel van klinkerwisseling die korrekte afgeleide woord in die volgende sinne:
- 16.1 Daar is 'n (afneem) (paragraaf 6) in die getal amptenare wat hoë bloeddruk het. (1)
- Afname.** (1)
- 16.2 Die (aanbeveel) (paragraaf 7) dosis is een uur se vertroeteling per dag. (1)
- Aanbevole.** (1)
17. Vorm 'n persoonsnaam van die volgende woorde tussen hakies:
- 17.1 Die (terapie) (paragraaf 6) gebruik groepsaktiwiteite om sy pasiënte se stres te verminder. (1)
- Terapeut.** (1)

17.2 Die (elektrisiteit) (paragraaf 4) het die elektriese toestel van die maatskappy herstel. (1)

**Elektrisiën. (1)**

18. Die woord *bloeddruk* (paragraaf 6) is van toepassing. Leerders gebruik die kern van die woord *bloeddruk* as 'n bepaler in 'n samestelling.

**Enige woord met *druk* as bepaler: drukklep, drukverband, ensovoorts. (1)**

19. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies: Hoë bloeddruk is (simptoom) (paragraaf 6) van die stres wat die werkers ervaar. (1)

**Simptomaties. (1)**

20. Waarom word die woord *stressimptome* (paragraaf 6) met twee s'e gespel?

**Dit is die samestelling van twee woorde waarvan die eerste op 'n "s" eindig en die tweede met 'n "s" begin. (1)**

21. Haal 'n voorbeeld van 'n byvoeglike bysin uit paragraaf 6 aan.

**... wat verlede jaar sy werkers aan hierdie terapie onderwerp het ...**

**of**

**... wat aan hoë bloeddruk gely het ... (1)**

22. Leerders gee die rede vir die koppeltekengebruik in die woord *diep-aseemhaal-en-ontspan-metodes* (paragraaf 7). (1)

**Dit is 'n gekoppelde bepaling. (1)**

**[30]**

Aktiwiteit 129: Letterkunde

Aktiwiteit 130: Skryf

Aktiwiteit 131: Eksamen

Sien voorbeeldvraestelle in aparte lêer